191. T. 7(105)

# DIE UNIVERSITEIT IN NASIONALE VERBAND

DEUR PROF. H.B. THOM

OUD-VOORSITTER, ADVISERENDE RAAD OP UNIVERSITEITE

(Rede ter geleentheid van die gradedagplegtigheid, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, 24 April 1982, om 09h00)

'n Gradedagplegtigheid is 'n gepaste geleentheid om oor die een of ander aspek van die universiteitswese en van 'n bepaalde universiteit te besin. Dit is dan ook wat ons by hierdie geleentheid kan doen. Ek wil graag 'n paar woorde sê oor die onderwerp: Die Universiteit in Nasionale Verband. Daaronder let ons eers op enkele prinsipiële punte; en dan kom ons meer bepaald by die Randse Afrikaanse Universiteit.

Prinsip.

Gradedagplegtighede is in die program van enige universiteit belangrike geleenthede. Die universiteit tree in die openbaar om aan die publiek rekenskap van sy rentmeesterskap te gee. Hy doen dit deur grade aan studente toe te ken, waarmee hy wil sê dat dosente aan studente ernstige aandag gewy het, dat studente hulle ingespan en positief gereageer het, en dat die universiteit in hulle vertroue het om uit te gaan en op verskillende plekke in die maatskappy diens te lewer.

Dit geld vir alle universiteite en vir alle gradedagplegtighede. Daarmee is egter nog maar 'n blote feit gekonstateer; daarmee is nog nie tot die wesenlike van die gebeure deurgedring nie. Om dít te doen, moet 'n mens vra: Hoe het die universiteit sy taak opgevat? In watter gees het hy sy doseerwerk gedoen? In watter gees het studente dit aanvaar? Wat verwag die universiteit van sy gegradueerdes? Wat verwag gegradueerdes van hul dienslewering? Die soeke na antwoorde op sulke vrae bring 'n mens by die wese van die funksie van die universiteit; en dit lê bloot die diepere wesenselemente van die universiteit as eiesoortige samelewingsverband met eie regspersoonlikheid, waaroor hy kragtens sy erkenning as universitas beskik.

Ek is/...

Ek is vanselfsprekend nie voornemens om hierdie vrae seriatim te beantwoord nie. Instede daarvan wil ek die stelling maak en kortliks toelig, t.w. dat as dit nie om die behoeftes van bepaalde gemeenskappe was nie, daar vandag baie universiteite is - en inderdaad van die allerbestes - wat nie daar sou gewees het nie. In dié stelling is daar seker niks nuuts nie, maar die oorweging daarvan is vir ons dekkend en tegelyk prikkelend.

Dat 'n inrigting vir hoër onderwys ter wille van die behoeftes van 'n bepaalde gemeenskap in die maatskappy ontstaan, en dat so 'n inrigting dan 'n gebondenheid aan daardie gemeenskap toon, is in Suid-Afrika en in die buiteland geen onbekende verskynsel nie. Laat ons egter ruiterlik erken dat die begrip van gemeenskapsgebondenheid, met name ook volksgebondenheid, in die universiteitswese nie oral onderskryf word nie. Toe ek enige jare gelede by 'n universiteitsgeleentheid my siening daaroor baie positief gestel het, het ek, naas warme ondersteuning, uit sekere oorde ook kwaai kritiek gekry; en toe die Van Wyk de Vries-kommissie in die jare 1968-1973 met sy omvattende ondersoek na die universiteitswese besig was, het hy ook heelwat verskil van mening gevind.

Die kritici betoog dat gemeenskaps- of volksgebondenheid nie by 'n universiteit tuishoort nie. Die universiteit is 'n samevoeging van dosente en studente, wat hulle verbind om op verskillende terreine na die waarheid te soek; die universiteit hou hom besig met die wetenskap, en in die proses wil hy, deur studie en navorsing, kennis bewaar, kennis oordra, en nuwe kennis verkry. En dit alles sou met 'n gebondenheid aan gemeenskap of volk niks te make hê nie. Die wetenskap is immers ruim en internasionaal, en wie hom daarmee besighou, weet dat hy 'n internasionale terrein betree. Volks- of gemeenskapsgebondenheid sou hom beperkings oplê en engheid impliseer; dit sou strydig wees met die wese van die wetenskap.

Dié beskouing/....

Dié beskouing berus m.i. egter op 'n eensydige vertolking van volksgebondenheid, en tewens op 'n uitgediende opvatting rakende wetenskap en universiteit.

Natuurlik is die wetenskap ruim en internasionaal, en is hy nie gebonde deur grense van volk of kleur of godsdiens nie; en natuurlik vind die wetenskaplike vreugde hierin, en is hy vry om sy wetenskap te beoefen. Maar die wetenskap word nie in 'n lugleegte bedryf nie; hy word om die mens bedryf, en elke mens woon in 'n bepaalde land met sy eie groot maatskappy en sy eie gemeenskappe binne daardie maatskappy. As dit nie so was nie, sou ons weer terug wees by die skolastiek van die Middeleeue of die selfvoldaanheid van die ivoortoring.

Die universiteit moet, as hy in sy eie land betekenis wil hê, nasionaal gebonde wees. Anders sou, om ekstreme voorbeelde te noem, universiteite in bv. Groenland en Nigerië net so goed manne en vroue vir Suid-Afrika kon lewer, en Suid-Afrika vir Cambodja en Lapland. Dit is wel waar dat daar groot gebiede van die wetenskap bestaan wat gemeenskaplik vir alle universiteite is, maar hierdie feit verander niks daaraan nie dat wesenbelangrike lokale aksente van mens en tyd en plek, wat radikaal verskillend kan wees, ernstige aandag moet kry.

Hieroor moet ons vandag baie realisties wees. Dit deug nie om die min of meer romantiese beskouing te huldig nie dat die universiteit 'n samegroepering van leermeesters en leerlinge is, wat bloot om die soeke na waarheid en wysheid vrae vra en antwoorde gee; die tyd van Sokrates is lankal verby, ondanks verdienstes wat hy wel gehad het. Dit deug ook nie om bv. die oorspronklike Oxford en Cambridge, wat in lang vervloë tye, inderdaad in die korporatiewe lewe van die Middeleeue, hul ontstaan gehad het, as modelle voor te hou nie.

In werklikheid/....

In werklikheid is ons Suid-Afrikaanse universiteite almal skeppinge van die Wetgewer, en wel ten gevolge van duidelike, besliste behoeftes van mense van die land. Elke universiteit het sy ontstaan te danke aan 'n wet wat deur die Parlement - nâ identifikasie en erkenning van die betrokke behoefte - gemaak is, waardeur die universiteit met regspersoonlikheid beklee word, en waarin sy doelstellings, magte en pligte neergelê word. Ek vind dit 'n verstaanbare, saaklike handeling; ek vind daar niks in van die vae, romantiese, byna legendariese voorstelling wat dikwels met elegante segging ten aansien van die ontstaan van universiteite aangebied word nie.

Ons universiteite is in Suid-Afrika in die lewe geroep, nie in die buiteland nie; en vir Suid-Afrika, nie vir internasionale doeleindes nie. Ek vind my van harte akkoord met die betreffende bevinding van die Van Wyk de Vries-kommissie: "Die universiteit is altyd nasionaal gebonde. So is dit ook met die universiteitswese in Suid-Afrika; dit het sy eie karakter en moet noodwendig 'n eie Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgang volg". (Hoofverslag, p.27)

'n Mens mag egter nie volstaan met die bevinding dat die universiteit nasionaal gebonde is nie. Want daar is haas geen land waar die mense prinsipieel so homogeen in lewensopvatting is dat almal se geestelike behoeftes deur een - of een tipe - universiteit bevredig sal word nie. En dis natuurlik veral in ons eie land die geval, waar 'n verskeidenheid van bevolkingsgroepe, met sterk uiteenlopende godsdienstige, sosiale, opvoedkundige en ekonomiese behoeftes, in voortdurende wisselwerkende kontak met mekaar woon. As daar binne die groot nasionale maatskappy volksgemeenskappe bestaan wat intellektueel en kultureel ontwikkeld is, en deur hul eie diepere geestelike behoeftes gekenmerk word, is dit logies dat hulle op onderwysgebied, by uitstek wat universiteite betref, besondere voorsiening sal verlang.

Die fundamentele/.....

Die fundamentele kultuurwaardes van 'n volk is immers standhoudend en beslissend. Dit is wel nie op alle terreine só nie. Ons sien soms bv. op die ekonomiese terrein hoe omstandighede verander en nuwe oortuiginge pasvat; en op die staatkundige terrein hoe beleidsrigtinge gewysig word om met veranderde situasies rekening te hou. En 'n mens het nie fout daarmee te vind nie, want jy weet dat verstandige aanpassing noodsaaklik is. Maar met die kultuur van 'n volk is dit anders gesteld: gehegtheid aan 'n mens se taal, liefde vir jou bodem, respek vir jou voorgeslagte, sielerus in jou godsdiens, opvoeding van jou jongmense - dit alles is kragte wat diep in jou gees ingebed lê, wat nie onderhandelbaar is nie en waaroor mense van beginsel noulettend sal wagstaan.

In hierdie verband is 'n universiteit 'n magtige instrument en kragbron; immers, hier word jongmense geestelik geslyp en gevorm om later as toegeruste leiers in die maatskappy te gaan staan. Die Van Wyk de Vries-kommissie spreek hom ook hieroor uit: 'n wesenselement van 'n universiteit is nie net sy algemene nasionale verbondenheid nie, maar ook "in enger verband, sy vervlegting met 'n bepaalde gemeenskap". (Hoofverslag, p. 30) Hierin lê daar niks strydigs met die groot, algemene nasionale belang nie; dit maak eerder 'n integrerende onderdeel daarvan uit. Die Kommissie het dan ook rede gehad om oor die universiteit in Suid-Afrika te konstateer: die universiteit "is in alle opsigte ingeweef in die gemeenskap waaruit hy voortgekom het en in die breëre maatskappy van Suid-Afrika. Daar lê sy primêre bestaansregverdiging en eers daarna soek hy bevrugtende wisselwerking op internasionale vlak". X
(Hoofverslag, p. 31)

RAU.

Teen hierdie prinsipiële agtergrond kyk ons na die Randse Afrikaanse Universiteit. Vir al diegene wat op die een of ander wyse met die stigting van RAU gemoeid was - en in alle beskeidenheid sluit ek ook myself in - bied dit stof tot dankbaarheid om te sien wat ondertussen alles hier gebeur het. Ek herinner my hoe ons gedurende die vroeë jare sestig in die kader van verskeie Afrikaanse kultuurliggame die skepping van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand

bepleit en/..

bepleit en beplan het; hoe ons verskeie kere met u geagte kanselier, dr. P.J. Meyer, gesprekke gevoer het; hoe ons met vreugde vervul was toe die RAU-Wet (No. 51 van 1966) deur die Parlement aangeneem is; en ek herinner my veral ook die geesdriftige noenmaal, 24 Februarie 1968, waar dit my aangename plig was om die heildronk op die nuwe universiteit in te stel.

Afgesien van die groot, omvattende oorweging met die stigting van die Universiteit, t.w. om 'n bydrae tot die vooruitgang van die Afrikaner te maak, was die onmiddellike kernoorweging om die potensiaal van die jong Afrikaner aan die Rand tot vrugbaarder ontwikkeling te bring. Dit het my destyds getref hoe daar met sorg opnames gemaak is van Afrikaanstalige leerlinge in skole aan die Rand; en hoe daar tot die skokkende bevinding gekom is dat 'n groot persentasie van hulle, en onder hulle van die beste breinkrag, eenvoudig verdwyn en vir ons land verlore gegaan het. Hierin het RAU 'n radikale verandering teweeggebring. Al is dit ook so dat hy met verloop van tyd studente ook uit ander dele van die land getrek het, om aldus op ruime terrein diens te lewer, is sy vernaamste bydrae m.i. dat hy vir die jong Afrikaner van die Rand 'n akademiese en intellektuele tuiste gebied het.

Dit is verblydend dat RAU, terwyl hy hom primêr op die saak van die Afrikaner-gemeenskap toespits, hom nie hierdeur laat beperk het nie, dog ook vir die groter nasionale belange van Suid-Afrika in die bres getree het. Onder die huidige rektor, prof. J.P. de Lange, het dit vandag 'n hoogtepunt bereik. Daar is baie bewyse hiervoor, maar ek noem net twee: die stigting van die Universiteit se jongste fakulteit, die Fakulteit van Ingenieurswese, waardeur gespesialiseerde mannekrag vir ons land gelewer sal kan word; en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se onlangse ondersoek en verslag, onder die leiding van prof. De Lange, oor die onderwys, waardeur insiggewende leiding vir Suid-Afrika as geheel gegee word.

Bowendien/.....

Bowendien het dit my opgeval dat aan RAU ook reeds werk gedoen word wat internasionale weerklank gevind het. Dis nie nodig om in besonderhede te tree nie; ek volstaan met 'n verwysing na werk op die gebied van bv. die fisika, die elektrotegniese ingenieurswese en die biblioteekwese. Dit is wetenskaplike arbeid van hierdie aard wat aan 'n universiteit werklik status gee.

Dit tref 'n mens dat RAU volkome inpas in die prinsipiële patroon, wat geskets is. Hy het voortgekom uit die behoeftes van die Afrikaner, by uitstek van die Afrikaner aan die Rand; hy besef egter dat hy tegelyk nasionale besit is, en laat dus nie na om hom op ruime terrein in die diens van Suid-Afrika te stel nie; en hy gaan voort om in sy beoefening van die wetenskap werk te doen wat ook internasionale waarde het.

Terwyl 'n mens vandag met nederige dankbaarheid hierdie resultate aanskou, word jy jou bewus van 'n besef van erkentelikheid teenoor diegene wat aan die stuur gestaan en die groot verantwoordelikheid gedra het. Ek was in die posisie dat ek, eers in my hoedanigheid as Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad en daarna as Voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite, meermale by die Universiteit gekom het en dus kon sien hoe hier met geduld en toewyding gewerk is. Dank en waardering kom toe aan die Universiteitsraad, die Senaat, die akademiese en die administratiewe personeel. Wat die vestigingsjare betref, dink 'n mens insonderheid aan die vorige rektor, prof. G. van N. Viljoen, tans Minister van Nasionale Opvoeding, wat hom 'n dinamiese leier van 'n gemotiveerde span getoon het.

Hiermee het ek aan die einde gekom van wat ek aan die orde wou stel. Saam met baie ander bring ek gelukwense oor aan die studente wat grade ontvang. Ons deel in hul vreugde en vertrou dat hul verdere loopbaan gelukkig en geseënd sal wees.

Persoonlik/.....

Persoonlik bedank ek die Universiteit vir die geleentheid wat ek gehad het om aan 'n verheffende geleentheid deel te hê.
Na halfeen.

Mag die Randse Afrikaanse Universiteit voortgaan op die pad wat hy bewandel: om die Afrikaner se hand te vat, om Suid-Afrika te dien, om in die buiteland gehoor te word. Dit is drie groot take; mag die studente wat bekroon word, in verband met aldrie, aan hul Alma Mater altyd getrou bly.

Johannesburg
24 April 1982

(get.) H.B. THOM